Voorbereiding:

- Besoek www.mosaiek.com en klik op PREKE vir die MP3 van die preek, die preeknota en transkripsie
- Stuur weekliks ‘n epos aan al die kleingroeplede; verkieslik ten minste 2 dae voor die groep bymekaar kom -sodat almal voorbereid is
- Bevestig in die epos: die datum, tyd en adres waar die volgende ontmoeting plaasvind asook die tema en teksgedeelte wat bespreek gaan word
- Herinner dat elkeen ‘n Bybel moet saambring
- Noem wie vir eetgoed die betrokke week verantwoordelik is
- Sluit maandeliks die groeplede se besonderhede by die epos in: name, vanne, selfoonnommers, epo sadresse en verjaarsdae.

Communio-oomblik:

- Geleentheid vir koffie maak/ iets kry om te eet

❖ Wenk: Gasvrou/man vir die aand voorsien koffie, gewone-tee, rooibostee, suiker en melk. Elke kleingroeplid kry ‘n beurt om eetgoed vir die groep te voorsien. Stel ‘n lysie op en herinner weekliks met epos of sms wie vir eetgoed (soet en/of sout) verantwoordelik is.

Open met Gebed:

❖ Wenk: Vra of iemand graag wil bid

Preekreeks: Antieke wysheid Tema: Vriendskap maak saak 19/02/2012

❖ Wenk: Herinner dat Trevor Hudson die gemeente uitgenooi het om 'n hoofstuk uit Spreuke per dag te lees.

{Konneksie-moment}

- Voltooi die sin: ‘n nuwe vriendskap kom tot stand wanneer ek...

❖ Wenk: dit help as die fasiliteerder die konneksie-moment begin deur die sin te voltooi, gaan kloksgewys om sodat almal n geleentheid kry om die sin te voltooi.

Lectio:

Spreuke 18:24 ‘n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is ‘n vriend wat sterker aanhang as ‘n broer

1. **Ontdek vriendskap**
   Perfume and incense bring joy to the heart, and the pleasantness of a friend springs from their heartfelt advice. Proverbs 27:9 NIV Friendship is born at that moment when one person says to another, “What! You too? I thought I was the only one.” C.S Lewis

2. **Vriendskap vorm**
   Yster slyp yster, vriende vorm mekaar. Spreuke 27:17 Op ‘n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene. Spreuke 27:6 Friendship requires that rare tension between likeness and unlikeness, that sees each with the presence of self-power and of consent in the other party...There must be very tow, before there can be very one. Ralph Emerson

3. **Ontvang vriendskap**
   Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Johannes 15:13
   But, for a Christian, there are, strictly speaking, no chances. A secret Master of the Ceremonies has been at work. Christ, who said to the disciples “Ye have not chosen me, but I have chosen you,” can truly say to every group of Christian friends “You have not chosen me, but I have chosen you for one another”...At this feast it is He who has spread the board and it is He who has chosen the guests. It is He, we may dare to hope, who sometimes does, and always should preside. Let us not reckon without our Host. C.S. Lewis

❖ Wenk: lees dieselfde teksgedeelte uit verskillende Bybel-vertalings en tale (Engels en Afrikaans)
Vra wat vir elkeen uitstaan van die teks?
Gee vir verskillende lede geleentheid om te lees, selfs die wat stil is en nie uit hul eie uit sal praat of lees nie.

Beleef:

- The Big Bang Theory - The Friendship Algorithm http://www.youtube.com/watch?v=k0xgjUhEG3U

❖ Wenk: speel die video, dit skep ‘n lekker atmosfeer wanneer die ligte ‘gedim’ of heeltemal afgeskakel word
❖ Wissel tipes huplbronne af: gebruik dalk een week ‘n kort video insetsel, die volgende week ‘n gedig/ brief of mooi aanhaling en die week daarna dalk ‘n praktiese ervaring van ‘n aard.

{Gesprekspunte}

- Roelof herroep sy Graad 3 juffrou se woorde: kennis- tamatie is ‘n vrug; wysheid- tamatie hoort nie in vrugteslaai nie; Wat het die tema: antieke wysheid met vriendskap te doen?

- Ons het kriteria vir romantiese liefde, ons weet wanneer ‘n paartjie ‘n paartjie is, maar ons het nie kriteria vir vriende nie, wanneer is kenisse vriende?

- Vriendskap word nie geskep nie, maar ontdek. Hoe?

- In ‘n romantiese verhouding gesels ons gereeld oor die verhouding en ons werk aan die verhouding, wanneer dit by vriendskappe kom fokus ons eerder op die gesamentlike taak voor ons, as die verhouding

- Daar heers ‘chemistry’ tussen vriende

- Yster slyp yster- kies oordeelkundig wie jou slypwerk doen
- Vriende hou mekaar skerp wanneer die lewe ons stomp maak
- Die slypproses is soms pynlik, eerlike woorde maak soms seer, maar dan dink ons weer aan Spreuke 27:6
- Waarom moet vriendskappe nie net altyd tussen soortgelyk mense vorm nie?
- Waarom hoort nie slegs 'like minded' mense in 'n kleingroep nie?
- Jesus is die volmaakte vriend, Hy het die dissipels uitgedaag, beskerm en bygestaan, selfs na hul hom verloën het
- Daar is 'n groter Vriend wat ons uitnooi om 'n pad saam Hom te stap

Communio vervolg...

- Nooi die lede weer uit om iets te kry om te eet of te drink
- Woensdag vier ons AsWoensdag, 40 dae voor Heilige Week. In hierdie tyd fokus ons op roeping, identiteit, luister, afsondering, opoffering en versoeking . Ons nooi alle kleingroepe uit om hierdie reis saam aan te pak.
- Woon as kleingroep AsWoensdag 22 Februarie 2012 12:00 en 18:30 in die Klipkerk by
- 'n Lydenstyd-boekie is beskikbaar in die Ingangportaal na afloop van dienstealternatiewelik kan die dokument van www.mosaiek.com afgelaai word
- 9-11 Maart vind 'n **'retreat'** plaas by Origins wat deur Community aangebied word. Die tema vir die Retreat is 'Die gedeelde lewe in Christus: 'n Refleksie oor 1 Johannes". Kyk of julle as kleingroep dit saam kan bywoon. Vir meer inligting kontak Magda Botha 011 268 4704 of magdab@mosaiek.com
- Vir 'n volledige lys van Mosaiek-gebeurtenisse raadpleeg asb die Mosaiek DAGBOEK (belangrike datums soos dit in die InKontak-bladjie verskyn)

Sluit af met Gebed

❖ Wenk: vra of daar enige gebedsversoeke is, en sluit dan af met gebed.